Becoming LOVE | IF WE START AT FINISH WHERE DO WE END?

# GROEPLEWE BESPREKING

## WEEK 3: DIE GENADE VAN JESUS

**Deel 1:** Vandag gaan ons saam in ons groepe stadig deur 1 Korintiërs 13 lees .
Maar voordat ons begin, kom ons kyk kortliks na die agtergrond van hierdie hoofstuk.

- Dis 'n bekende gedeelte – dit word dikwels by troues gelees, wat goed is – maar die konteks is eintlik anders. Paulus skryf aan 'n gemeente wat baie geesdriftig was oor hulle geestelikheid. Hier praat hy spesifiek met hulle oor die gawes van die Gees en hoe – of eerder waarom – dit behoort te funksioneer. 1 Korintiërs hoofstukke 12 tot 14 is een groot gesprek oor die gawes van die Gees in die kerk. Maar die probleem wat Paulus aanroer is dat hoewel hulle baie geestelik was, hulle nie as volgelinge van Christus volwasse was nie.

- Hulle het die genade van Jesus ontvang – hulle het redding ontvang, selfs geestelike gawes – maar hulle het nog nie self die genade van Jesus geword nie. Hulle was Christene, maar het nog nie soos Christus geword nie.

- Die teken van geestelike volwassenheid is om 'n mens van liefde te word. Volwassenheid is nie geestelike ervarings of kennis nie, dis nie teologie of self hoeveel jy vir God doen nie – ware geestelike volwassenheid is die mate waarin jy soos God self geword het.



- En dis steeds ons uitdaging in die kerk vandag. Die wêreld kritiseer ons nie omdat ons sê ons het die genade van Jesus ontvang nie, maar wanneer ons nie self daardie genade van Jesus word vir die wêreld om ons nie.

## Lees:

Een persoon kan nou die hele 1 Korintiërs 13 stadig lees, terwyl almal saam volg in hulle Bybels. Daarna vra ons dat die fasiliteerder minstens vyf minute van stilte gee, sodat elkeen die gedeelte self stadig kan deurlees in hul eie vertaling.

**Wanneer almal klaar gelees het, bespreek gerus hierdie twee vrae:**

## Vraag 1:

Wat gebeur wanneer ons (die kerk) nie die genade van Jesus vir die wêreld rondom ons word nie?

## Vraag 2:

Watter vers of frase het jou die meeste aangegryp in hierdie hoofstuk en hoekom?

## DEEL 2:

So, hoe word ons dan die genade van Jesus?
Hoe beweeg ons van om net sy genade te bewonder, na waar dit iets word wat ons lewens kenmerk?

Daar is drie dinge wat elke mens vorm, en dit geld vir ons almal:

- die **stories/gedagtes** wat ons glo (waarhede en leuens),
- die **gewoontes** wat ons beoefen (ons vorm hulle, en hulle vorm ons), en



- die **verhoudings** waarin ons leef.

As ons die genade van Jesus wil word, moet hierdie drie gebiede in Hom gewortel wees. Ons bly in Christus deur:

- **Denkpatrone** (die stories wat ons glo) Romeine 12:2 sê: laat God julle verander deur julle denke te vernuwe. Dit sluit in die dinge waarmee ons ons gedagtes vul – die programme wat ons kyk, die sosiale media wat ons inneem, wat ons lees en herkou. Die vraag is: Vorm dit my na Christus, of na die wêreld?

- **Gewoontes wat ons oefen** (Praktiese Ritmes) Ons word nie net deur inligting gevorm nie, maar deur wat ons beoefen. Soos jy liefde beoefen, word jy liefde. Jy leer nie vrygewigheid deur teorie nie; jy leer dit deur te gee. Dis hoekom ritmes soos stilte, Skriflesing, gebed, diens en vrygewigheid so belangrik is – hulle vorm die lewe van Jesus in ons liggame.

  1 Timoteus 4:7–8 sê: "Bestee jou tyd en energie daaraan om **jouself te oefen tot geestelike fiksheid."**

- **Gemeenskap van Gelowiges** (die verhoudings waarin ons leef) - Geestelike groei en vorming is nie iets wat jy alleen doen nie. Spreuke 13:20 sê: "Hy wat met wyse mense meng, verkry self ook wysheid."

  As jy in Jesus wil bly, wortel jou verhoudings in Hom. Wees doelbewus deel van 'n "Jesus-community" (kerk) waar jy bemoedig, uitgedaag en gedra word in liefde.



Denke. Gewoontes. Verhoudings. Al drie doelbewus gewortel in Jesus.

## Vraag 3

In watter een van hierdie drie gebiede– **waarheid/denke, gewoontes of verhoudings** – nooi Jesus jou om jou dieper in Hom in te wortel?

En wat is een praktiese stap wat jy kan neem om dit te doen?

## Gebed:

Ons gaan afsluit met 'n gebed wat ek gaan lees. Lees dit asseblief hardop saam met my.
En daarna gee ons drie tot vyf minute van stilte waartydens ons in gebed bly en by Jesus rus.

Here, rig my lewe volgens u karakter.
Ek wil ander behandel soos U sou, Jesus – met vriendelikheid, liefde, geduld en begrip.
Laat my ander deur u oë sien, as diep gekoester deur en kosbaar vir hul Skepper.

Help my om met aandag te luister, sag te praat en met deernis te antwoord, net soos U sou. Ek wil U verteenwoordig, Jesus. Gebruik my as 'n ambassadeur wat die waardes van u koningkryk uitleef. Mag my hart en optrede ooreenstem met wat vir U belangrik is.



Laat my geloof en dade in harmonie leef.
Mag ek met eerlikheid en waarheid leef, vry van onwaarheid.
Lei my om u lig uit te straal deur my woorde, optrede en selfs my gedagtes.

Help my om keuses te maak wat U eer, veral in moeilike oomblikke en wanneer niemand kyk nie. Deursoek my hart en wys enigiets uit wat nie met u volmaakte karakter ooreenstem nie. Jesus, U is die Here van my lewe.

